MPO Nuusbrief

Verteenwoordig en bemagtig die produsent **3 Februa**

Clover kondig verdere prysverhoging aan

Clover-produsente landwyd het hierdie week goeie nuus ontvang toe hulle ingelig is van 'n verdere produsenteprysverhoging van 20 sent per liter vanaf 1 Maart 2012. Mnr Bertus de Jongh, MPO HUB, het gesê dat die produsenteprysverhoging welkome verligting bring vir produsente wat onder finansiële druk verkeer en dat meer prysverhogings in die nabye toekoms verwag word.

Internasionale suiwelprodukpryse styg

Tydens die mees onlangse Fonterra GlobalDairyTrade-verkoping op 17 Januarie, het die pryse van suiwelprodukte gemiddeld met 1,5% gestyg. Pryse vir die meeste produkte was hoër, asook dié vir kontrakperiodes tot Junie. Afgeroomde melkpoeier het teen US$3 351 per ton verhandel (+2,7%), watervrye melkvet teen US$4 084 per ton (+2,8%), cheddarkaas teen US$3 776 per ton (+2,1%) en renet kaseïne teen US$8 069 (+3,7%). Volgens die Amerikaanse departement van landbou (USDA), was die wêreldpryse vir suiwelprodukte in Januarie effens hoër as in Desember. Internasionaal het produsentepryse gedurende 2011 aansienlik gestyg, en melkprodusente in die Verenigde Koninkryk ontvang tans die hoogste produsentepryse in die geskiedenis. Verder het Fonterra onlangs 'n opwaartse aanpassing vir hulle prysvooruitskouïngs aangekondig. <**Kliek hier**> om meer te lees.

Kommunikasie is prioriteit vir MPO Vrystaat

Effektiewe kommunikasie is op Vrydag, 27 Januarie tydens die MPO Vrystaat se eerste bestuursvergadering van 2012 as een van die prioriteite gelys. Die vergadering het gefokus op die beplanning van aktiwiteite en projekte vir die jaar vorentoe wat daarop gemik is om volhoubare melkproduksie in die streek te ondersteun. Die belangrikheid daarvan om produsente se bedingingsmag te verbeter is weer beklemtoon en die voordele van groepsvorming, insluitende die vestiging van koöperatiewe strukture, is breedvoerig bespreek. Terugvoer uit die verkillende streke het bevestig dat melkprodusente onder finansiële druk verkeer, vanweë ongunstige klimaatstoestande en hoë voerpryse. Die teenwoordiges was dit eens dat onlangse produsenteprysverhogings bemoedigend is, maar dat verdere opwaartse aanpassings dringend nodig is. Mnr Bernard Maree, voorsitter van MPO Vrystaat, het sy waardering vir die ondersteuning van medeprodusente uitgespreek.

Insiggewende roetevergaderings in die Noorde

Die MPO Noord se roetevergaderings wat Woensdag by Thatch Palace in Polokwane en Donderdag by Klein Paradys in Modimolle (Nylstroom) gehou is, was gekenmerk deur goeie bywoning en positiewe interaksie tussen produsente en MPO beamptes. Mnr Bertus de Jongh, MPO HUB, het 'n oorsig van die MPO se toekomsvisie gegee en dr Koos Coetzee, die MPO se hoof-ekonoom, het produsente in verband met die plaaslike en internasionale ekonomiese vooruitsigte ingelig. Produsente in dié streke het bevestig dat hulle tans moeilike omstandighede ervaar

as gevolg van hoë insetkostes en lae melkpryse. Ten spyte hiervan, waardeer produsente in die algemeen die dienste van die MPO en moedig hulle die organisasie aan om voort te gaan om die belange van melkprodusente te bevorder.

Advies rakende Slenkdalkoors-inenting

Cape Wool SA het inligting vrygestel ten opsigte van die voorlopige uitslae van toetse wat uitgevoer is om te bepaal hoe doeltreffend Slenkdalkoors entstowwe, Kloon 13 en Smithburn is met die produksie van teenliggame. Aanvanklike toetse dui daarop dat Kloon 13 se produksie van teenliggame meer effektief is en dat dit veilig geag word vir toediening tydens dragtigheid. Veeboere word aangemoedig om vol te hou met inenting en kennis te neem dat entstofmislukking moontlik is ongeag die tipe entstof. Faktore soos foutiewe hanteringsprosedures, insluitend foutiewe vermenging en vertraging in die toediening van die hersaamgestelde entstof, nie-navolging van die vervaardiger se voorgestelde temperatuurprotokol en foutiewe keuse van diere. Cape Wools beveel die gebruik van Kloon 13 aan tot verdere kennisgewing. Veeboere word ook aangeraai om hulle veterinêre- en produksiekonsultante in die verband te raadpleeg.

MPO Vrystaat help skool vir gestremdes



MPO Vrystaat het 'n deel van die opbrengs van hul suksesvolle gholfdag gehou op 6 Desember 2011 aan die Martie du Plessis Skool vir Serebraal -en Leergestrem- des in Bloemfontein geskenk. Mnr Bernard Maree, voorsitter van MPO Vrystaat, het 'n tjek vir R5 000 aan mnr Pieter Viljoen, die skoolhoof, oorhandig. Die geld sal gebruik word vir die aankoop van rekenaartoerusting vir die behandeling van disleksie en konsentrasieprobleme.

Skolemelk-aktiwiteite in Polokwane

Tydens die MPO Noord se roetevergadering wat Woensdag te Thatch Palace in Polokwane gehou is, is mnr Johan Roos van Quattro Melkery geprys vir sy skolemelk-inisiatief op 14 November 2011, toe Plaaswerf Kleuterskool besoek en melk aan die kinders uitgedeel is. Mnr Roos het ook die boodskap oor die belangrikheid van melk en suiwelprodukte as deel van die daaglikse dieet op 'n vermaaklike manier aan die kinders oorgedra.

TDM fokus op gehalte

Hou die pos dop vir die Februarie-uitgawe van *The Dairy Mail* wat fokus op melkgehalte regdeur die waardeketting van die plaas tot die yskas. Die tydskrif bevat artikels insake aangeleenthede soos die produksie van genoegsame melk op 'n verantwoordelike wyse wat tot winste vir die boer sal lei en uitstaande melk vir die prosessering van gehalte produkte en veilige koopware vir die verbruiker. U sal ook in die sak saam met *The Dairy Mail* 'n kopie vind van die onlangs gepubliseerde *Agricultural Outlook 2012.*

Vraag na huurkoeie

Die MPO ontvang 'n toenemende aantal navrae van produsente wat belangstel om koeie te huur en ook van produsente wat graag hulle koeie vir verhuring beskikbaar wil stel. Diegene wat hierin belangstel word versoek om met die MPO se Philip Swart in verbinding te tree by 012 843 5672 of philip@mpo.za. Die MPO help graag met oplossings in hierdie verband.

Neem asseblief kennis hierdie e-pos is nie gemorspos nie. Dit is 'n nuusbrief van die MPO aan u, die g
melkprodusent. ***www.mpo.co.za*** */ 012 843 5600*

Gepubliseer deur Agri Connect